WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 1 en 2 nooi almal uit om
na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

31 Mei	**Leentjie van Jaarsveld,** Wyk 10
2 Junie	**Lourens du Plessis,** Wyk 12
3 Junie	**Magriet du Plessis,** . Wyk 20
	Schalk Engelbrecht,. Wyk 6
	Jan-Charl Venter. Wyk 6

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.
Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 18 Sondag 29 Mei 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan: Ouderling wyk 9 **Paul Schutte** en wyk 10 **Gerhard Willemse.**
Diakens: Wyk 9 **Rudy van der Spoel** en Wyk 10 **Johann de Waal.**
Teebeurt: Susters van wyke 1 en 2. Wyksusters Ina Roos en Jana van Ryssen.

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: Eksodus 17: 8 - 16.
Fokusverse: Eksodus 17: 9b, 11, 16a.
TEMA: ***Die verheerlikte Christus se voorbidding waarborg jou oorwinning in die geloofstryd.***
Voorafsang: Skrifberyming 11:1, 2, 3, 4, 5 (Tema 6-1) (melodie Psalm 145).
Sing: Psalm 47:1, 3; Psalm 50:8, 9, 10, 11; Psalm 110:1, 2; Skrifberyming 10:1, 2, 3, 4, 5, 6 (Tema 5-4).

AAND Woordbediening: Handelinge 8: 4 - 25.
Fokusverse: Handelinge 8: 18 - 23.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 31.
TEMA: ***Ampsdraers in die kerk van Christus arbei met 'n hart wat voor God reg is.***
Voorafsang: Psalm 133: 1, 2.
Sing: Psalm 116:1, 5, 9; Psalm 18:11, 12; Psalm 24:2, 3.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsversorging*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi).*

Prof Ben de Klerk sal DV vanmiddag om 15:30 die erediens by Huis Eikelaan waarneem.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR



Ons volhard steeds in ons voorbidding vir **May** en **André Vorster**. Vanweë 'n lae witbloedsel-telling kon sy ook hierdie Dinsdag nie chemoterapie ontvang nie. Dit is ons bede dat ons Vader die behandeling wat sy nou ontvang sal seën sodat sy Dinsdag wel chemoterapie sal kan ondergaan.

Henna Labuschagne het Woensdag toetse en sonars ondergaan en Donderdag 'n afspraak by die onkoloog gehad. Ons verseker haar en br Lappies en hulle dierbares van ons voorbidding.

Jeanette Fourie moes
Donderdag 'n galblaasoperasie in Kaapstad ondergaan. Ons bede is dat sy spoedig en volkome sal herstel.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Hennie, Magda en Karina Viljoen** wat nog steeds nie goeie gesondheid geniet nie. Dit is ons vurige gebed dat u spoedig u kragte mag herwin, genesing ontvang en lewens-kwaliteit mag geniet.

Nico Malan het Woensdag 'n geslaagde knievervangingsoperasie in die Groenkloof Hosptaal ondergaan. Saam met hom, Leoné en hulle familie is ons dankbaar vir die ontferming van ons Here.

Flip Mostert is die afgelope week in die hospitaal opgeneem nadat sy bloeddruk 'n kritieke laagtepunt bereik het. Ons is dankbaar dat dit nou weer beter gaan met Flip en bid dat hy spoedig weer goeie lewenskwaliteit mag geniet.

Faans Steyn het die afgelope week 'n sesmaandelikse roetine ondersoek by die gastro-enteroloog in Johannesburg ondergaan en die dokter is nog baie tevrede met die gunstige resultate. Ons dank ons hemelse Vader saam met Faans en Ina vir sy liefde en trou.

Dankbaarheid

Magrieta Pelser het die afgelope week 'n tweede agterkleinkind ryker geword. Ons hartlike gelukwensing aan haar, haar kinders en kleinkinders. Ons loof ons troue Verbondsgod vir sy genade in die geslagte.

Meegevoel

Ons het die afgelope week verneem dat **Erna van Vuuren**, eggenote van Natie van Vuuren, oorlede is. Ons wil **Natie** en sy dierbares verseker van ons opregte meegevoel en bid om die ryke vertroosting van ons hemelse Vader. Natie en Erna was vir 33 jaar lidmate van ons gemeente voordat hulle na Nylstroom verhuis het.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

			Sondag 29 Mei	Sondag 5 Junie
Lesrooster:			Les 12	Les 12
Psalmvers:			Psalm 8: 1 (geheel)	Psalm 8: 1 (geheel)
Heidelbergse Kategismus:			Sondag 39	Sondag 39
Memoriseerwerk (Gr 1-2)			Artikel 12	Artikel 12
Katkisasie toesig:			Oudl Wyk 9: Graad 1- 2 Oudl Wyk 10: Graad 3-4	Oudl Wyk 11: Graad 5-6 Oudl Wyk 12: Graad 7
Wo	1/06	18:00	Hoërskoolkatkisasie	Les 25

Dagboek

Di	31/05		Huisbesoek	Volgens afspraak
		15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
		18:00	Katkisasie	Jeuglokaal
Wo	1/06	Oggend	Huisbesoek	Volgens afspraak
		18:00	Katkisasie	Jeuglokaal
Do	2/06	09:30	Bybelstudie	Konsistorie
		Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
So	5/06		**PINKSTERSONDAG**	

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

Di	21/06	18:30	Diakonie toerusting	Ou Kerkie
Do	23/06	18:30	Ouderlinge toerusting	Ou Kerkie
So	24/07	10:30	Gemeentevergadering (Finansiële verslag)	Kerkgebou

BYBELVERSPREIDING

Maniere om Bybelverspreiding te bevorder

Volgens 'n skrywe van die Sinodale Deputate Bybel aan die Klassis Potchefstroom, was ons gemeente se bydraes in 2021/2 finansiële jaar aan Bybelverspreiding deur kollektes en deur bydraes van indiwiduele lidmate R 17 455.00 (dus omtrent R65 per belydende lidmaat). Daar is gewoonlik net een geskeduleerde kollekte en dan ook 3 kollektes by gesamentlike eredienste. Daar word gevoel dat in die lig van die riglyn van R100 per lidmaat per jaar, daar 'n groter poging aangewend moet word om hierdie bydraes heelwat te verhoog.

Elkeen van ons lidmate kan ook meewerk om gebruikte Afrikaanse- en Engelse Bybels te skenk. Kyk 'n bietjie by jou huis watter Bybels het dalk in onbruik geraak en staan in 'n boekrak en stof vergaar (of is selfs iewers weggepak). Indien sulke Bybels darem nog in een stuk is of dreig om uitmekaar te val, kan jy dit ook maar skenk. Bring dit kerk toe en dra die Bybels af by die koster of by myself. Ek herstel die Bybels wat gehawend of selfs stukkend is. Ek besorg sulke gebruikte Bybels dan aan mense wat Bybels verder versprei en uitdeel. Onthou dat almal nie so bevoorreg is om 'n eie Bybel te besit nie, of soos ons, selfs meer as een Bybel te hê nie. As jy onder die broodlyn lewe, is 'n Bybel te duur. As jy los geraak het van die kerk, het jy dalk nie meer 'n behoefte aan jou eie Bybel nie en wie weet: as jy een verniet kan kry (al is dit nie 'n nuwe een of eers in jou moedertaal nie), begin jy dalk weer daarin lees! Die ekstra Bybels by ons huise wat nie gebruik word nie, kan 'n aanklaag wees teen ons omdat dit nie gebruik word nie. Hier is nou 'n geleentheid hoe jy die saad van die Woord kan help saai.

Verder kan lidmate wat van ou Almanakke (met Bybelse dagstukkies) ontslae wil raak, dit ook bring. Dit word omvorm in 'n dunner bundel van dagstukkies alleen. Ander boeke met Bybelse dagstukkies kan ook gebring word vir verspreiding. Daar is ook vele mense wat nie sulke boeke kan bekostig nie en vir wie dit kosbaar kan wees om saam met hulle Bybels elke dag te kan gebruik.

Faans Steyn

Geopende Deure

FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

Streek: Afrika **Meerderheidsgeloof:** Islam.
Bevolking: 5 555 000 **Christelike bevolking:** 2 611 000 (47.0%)
Bronne van vervolging: Christelike denominasionele proteksionisme. Georganiseerde korrupsie en misdaad. Diktatoriese paranoia.

ERITREA

Die regering erken slegs drie denominasies – Ortodoks, Katoliek en Lutherse. Vir diegene wat nie deel van hierdie groepe is nie, bestaan die risiko van ernstige vervolging deur die staat. Byeenkomste word aangeval en gelowiges gearresteer. Christene ervaar onmenslike toestande in die tronk. Daar is waarskynlik meer as 1 000 Christene in tronke in Eritrea, met niemand wat formeel aangekla is nie. Hoewel sommige vrygelaat word, word talle gevangenes na militêre diens of huisarres oorgeplaas.

Christene wat nie deur die staat erken word nie, is veral besonder kwesbaar vir die daaglikse waarneming wat deur die staat ingestel is – telefoonoproepe word gemonitor, hul bandwydte is stadig en 'n netwerk van burgers het die taak om op hul bure te spioeneer. Hierdie intense vlak van monitering het daartoe gelei dat Eritrea die berugte titel as "Afrika se Noord-Korea" verwerf het (The Economist, 14 Augustus 2018).

Intussen ervaar bekeerlinge vanaf Islam en die Eritrese Ortodokse Kerk ernstige vervolging van hul families en gemeenskappe.

Wat het vanjaar verander? Min het verander, behalwe vir 'n geringe toename in druk op kerke. Die land bly sesde op die Wêreld-waarnemingslys, wat dit steeds een van die moeilikste plekke in die wêreld maak om Jesus te volg.

Bid vir Eritrea:

Bid vir Christene wat in die tronk is en dat hul families deur God se genade en teenwoordigheid onderhou sal word.

- Bid vir wysheid, onderskeiding en vrymoedigheid vir gelowiges wat ten spyte van die bedreiging van waarneming probeer om bymekaar te kom.
- Bid dat Christene uit Islamitiese en Ortodokse agtergronde bemoedig en bemagtig sal word om sterk te staan in hul geloof.